3/21

www.Aalwyn nuusbrief .co.za 2021

NAIL & CUTICLE GEL – 15 ml

Die deursigtige stukkie vel wat aan die basis van die naelbed op vingers en tone groei, word die kutikula ("cuticle") genoem. Die funksie van die kutikula is om nuwe naels wat uit die naelwortel groei, teen bakterieë te beskerm. Die area rondom die kutikula is delikaat en kan maklik droog, beskadig en ontsteek raak. Dit is belangrik om die hele naelarea te versorg sodat jou naels gesond bly.

Hoe om jou kutikulas te versorg

Dit is belangrik om jou kutikula skoon te hou om infeksie te voorkom. Die eenvoudigste manier is om jou hande en voete elke paar dae in seperige, warm water te week. Dit help om jou kutikulas sag te maak en ook om jou naels skoon te hou. Druk jou kutikula liggies terug met 'n kutikula-drukker of gebruik jou duim in 'n ligte vryfbeweging – moet nooit jou vingernaels of ander skerp voorwerpe gebruik nie.

Bevogtig jou kutikulas gereeld met *NAIL & CUTICLE GEL* om te voorkom dat dit uitdroog of bars. Masseer jou kutikulas en omliggende vel liggies met *NAIL & CUTICLE GEL*. Herhaal daagliks vir die beste resultate.

Die *NAIL & CUTICLE GEL*-formule is onlangs hersien. Dit bevat voedingsryke aalwynsap wat uit varsgeoeste blare gepers word, asook verskeie ander plantekstrakte:

- soja-/koringproteïen wat bekend is daarvoor dat dit naels en hare versterk.
- suurlemoenolie met antibakteriële, antiseptiese, anti-mikrobiese, anti-inflammatoriese en swamwerende eienskappe. Dit stimuleer bloedvloei, voed die vel en kutikulas, en verleen natuurlike glans aan naels.
- amandelolie wat help om naels gesond te hou. Dit is ryk aan essensiële antioksidante, omega 6- en 9-vetsure, asook vitamiene E, A, B1, B2 en B6. Dit voed en beskerm naels teen afskilfering, krake en uitdroging. Amandelolie help om die kutikulas gladder te maak en verleen 'n natuurlike glans aan naels.
- jojoba-olie met helende essensiële vetsure wat ook die vel versag. Jojoba-olie heel droë en gebarste vel, en versterk die naelbed. Dit het natuurlike swamwerende en antioksiderende eienskappe, wat dit ook ideaal maak vir die behandeling van naelswamme.



BANKBESONDERHEDE

Aloe Ferox het verskeie bankrekeninge vir die betalingsgerief van al ons verspreiders. Gebruik asb. die onderstaande uiteensetting en kies die transaksie wat jou die beste pas:

1. Aloe Ferox het 'n nuwe rekening by FNB geopen, spesifiek vir verspreiders wat nog kontant verkies. Die goeie nuus is dat daar GEEN kontantdepositofooie t.o.v. kontantinbetalings na hierdie nuwe rekening sal wees nie. EFT-betalings kan ook na hierdie nuwe FNB-rekening gemaak word. Die vorige/ou FNB-rekening gaan binnekort gesluit word.
2. Aloe Ferox het ook 'n nuwe rekening by Nedbank geopen. Maak asb. slegs EFT-betalings na hierdie Nedbank-rekening. 'n R65-fooi sal op alle kontantinbetalings na hierdie rekening gehef word. Die vorige/ou Nedbank-rekening gaan binnekort gesluit word.
3. Ons ABSA-rekening bly onveranderd. Maak asb. slegs EFT-betalings na hierdie ABSA-rekening. 'n R65-fooi sal op alle kontantinbetalings na hierdie rekening gehef word.

NUUT

FNB
First National Bank

Aloe Ferox (Pty) Ltd
FNB Tjekrekening
Rekening #: 62888837691
Takkode: 250655

✓ GEEN KONTANTDEPOSITOFOOIE
✓ EFT-BETALINGS

NUUT

NEDBANK

Aloe Ferox (Pty) Ltd
Nedbank Tjekrekening
Rekening #: 1205059628
Takkode: 198765

✓ R65 KONTANTDEPOSITOFOOI
✓ EFT-BETALINGS

ONVERANDERD

absa

Aloe Ferox (Pty) Ltd
ABSA Spaarrekening
Rekening #: 9058841520
Takkode: 632005

✓ R65 KONTANTDEPOSITOFOOI
✓ EFT-BETALINGS

PRYSVERHOGING 2021

Die 2021-prysverhoging sal op 1 September 2021 in werking tree. Die pandemie het 'n ingrypende gevolg op internasionale markte gehad. Die jaarlikse prysverhoging sal effens hoër as normaal wees, siende dat die meerderheid ingrediante wat in die Aloe Ferox-produkte voorkom, vanuit die EU ingevoer word. Die TIMELESS-reeks het alle prysverhogings die afgelope 3 jaar vrygespring, maar dié reeks bevat verskeie botaniese aktiewes wat van Sederma in Le Perray-en-Yvelines, Frankryk afkomstig is. Hierdie aktiewes het sedert middel 2020 amper onverkrygbaar geraak, wat aankooppryse die hoogte laat inskiet het. Dit, op sigself, het ongelukkig 'n onaangename uitwerking op verbruikerspryse. Die nuwe, aangepaste pryse sal in die volgende Aloe Ferox-nuusbrief aangedui word. Verhoog jou winsgrens deur voorraad van al jou topverkopers op te bou voor die verhoging intree. Verkoop dan daardie voorraad, na die verhoging, teen die nuwe pryse.

VERPAKKING

Een van die projekte wat Aloe Ferox t.o.v. omgewingsvriendelikheid geloods het, was om alle 100 ml, 200 ml en 500 ml bottels om te skakel na 100% herwinde plastiek. Daar was baie uitdagings, maar ons bevestig graag dat die projek ±80% voltooi is. Ons voel dat die nuwe deursigtige bottels, met 'n effense tint, 'n baie elegante voorkoms aan die produkte verskaf. Alle produkte wat in 100 ml en 200 ml bottels voorkom, is reeds beskikbaar in die nuwe 100% herwinde plastiek.

FLIP CAPS

Dit is nogal 'n storie om 'n buis met die een hand oop te skroef, produk uit te druk, produk aan te wend, en dan weer die buis toe te skroef terwyl daar nog produk op jou hande is! Juis om hierdie rede het ons besluit om geleidelik (gedurende die volgende 12-18 maande) alle skroefproppe te vervang met "flip caps". Sommige buise, soos bv. *LIP BALM*, is ongelukkig uitgesluit. "Flip caps" is wel effens duurder, maar verbruiker-studies toon dat verbruikers bereid is om effens meer te betaal vir die gemak van 'n "flip cap".

BITTER ALOE GEL verander van 'n 100 ml bottel na 'n 100 ml buis met 'n "flip cap". Die produkformule en effektiwiteit bly steeds onveranderd.

Kennis – die sleutel tot sukses

zoom

Aloe Ferox het gedurende die afgelope paar maande verskeie gesondheid- en velsorglesings d.m.v. Zoom aangebied. Dit mag dalk ingewikkeld klink, maar dit is nie, en ons wil jou regtig graag help om in te skakel. Die lesings dek 'n wye verskeidenheid gesondheid- en velsorgbeginsels, wat verspreiders in staat stel om beter produkaanbevelings te maak. Ons besef dat baie verspreiders sukkel om by die bestaande tydgleuwe in te skakel. Ons gaan dus vanaf 1 Mei 2021 alle Zoom-lesings opneem en beskikbaar stel op www.aalwyn.co.za, waar jy dit dan in jou eie tyd kan deurwerk.

NUWE PRODUKTE

Ons gaan gedurende die volgende paar maande verskeie nuwe toetsprodukte beskikbaar stel. Ons nooi jou en jou kliënte om hierdie produkte te toets en terugvoer te verskaf, waarna ons die produkte kan afrond en loods. Die toetsprodukte sal saam met jou April-/Mei-bestellings versend word. Die produkte sal o.a. die volgende insluit:

- Aloe Tissue Gel – 'n "Tissue Oil" vir litteken- en rekmerk-herstel in 'n nie-olierige jel-formaat.
- AM Aloe Gel – 'n Hoogs effektiewe antimikrobiese gesig- en lyf-aalwynjel.
- AM Face Wash – 'n Antimikrobiese gesigreiniger vir o.a. probleemvelle.
- Moisturising Aloe Gel – 'n Aalwynjel met 'n ingeboude ligte gesigbevogtiger.
- Fynbos Mask – 'n Uiters bevogtende heuningmasker – TIMELESS-reeks.
- Eye Serum – 'n Teenverouderende oogserum, wat die weefsel rondom die oog versterk, verfyn, en van energie voorsien – TIMELESS-reeks.
- En meer.

TIMELESS™

Aloe Ferox is 'n "klein volume"-vervaardiger van gesondheid- en velsorgprodukte, en is trots op die feit dat daar 'n menslike hand – 'n huishouding wat gevoed word – in elke stap van ons produksielyn betrokke is: vanaf die hand wat aalwynsaad ontkiem tot die hand wat die finale stempel van goedkeuring op voltooide produkte plaas. Ons begeerte was nog altyd dat die *CLASSIC*-reeks bekend sal staan vir hoë kwaliteit produkte teen bekostigbare pryse – eg Suid-Afrikaanse vernuf, 100% varsgeperste aalwyn en internasionaal-bekroonde ingrediante.

Die toenemende aanvraag na 'n reeks wat gemik is op diegene wat bereid is om meer aan velsorg te bestee, het egter gelei tot die ontstaan van 'n tweede reeks. Hierdie tweede reeks is in Desember 2009 bekendgestel as Timeless Skin. Dit is later (Desember 2017) geherformuleer en herdoop na slegs TIMELESS. Wat is dan nou werklik die verskil tussen die *CLASSIC*-reeks en die TIMELESS-reeks?

In voertuigterme gestel: Beide die *CLASSIC*- en TIMELESS-reeks is waardig om vergelyk te word met 'n hoogstaande motorhandelsmerk soos Mercedes Benz. Die *CLASSIC*-reeks het die gemak en luuksheid wat van Mercedes Benz verwag word, maar dit bevat slegs die standaard bybehore. Die TIMELESS-reeks bied egter die gemak, die luuksheid, al die bybehore, sowel as die suspensie en enjin van 'n hoëverrigting Mercedes Benz-renmotor.

Beide reekse word vervaardig van presies dieselfde luukse, hoë kwaliteit ingrediante, maar die TIMELESS-reeks bevat addisionele kragtige botaniese aktiewes en uittreksels wat hoëverrigting velsorg en teenverouderingsvoordele bied.

Ons is tans besig om die verpakkingsontwerp van die TIMELESS-reeks aan te pas sodat die reeks beter by die globale Aloe Ferox-handelsmerk pas. Twee nuwe produkte, Fynbos Mask en Eye Serum, sal gedurende 2021 in die nuwe verpakking bekendgestel word. Fynbos Mask sou in 2020 verskyn het, maar die wêreldwye pandemie het ons planne omver gewerp. Hou jou April- en Mei-bestellings dop vir voorbeelde van die nuwe produkte.